#06 2025

Suidwes-Kaap

SUID-AFRIKAANSE WOONWA ASSOSIASIE

S.A.W.A. S.A.C.A.

NAWEEK IN BEELD

20-22 Junie 2025

# Kleine Paradys

## Piketberg

13 staanplekke en 31 woonwaeans



Hier in Suidwes-kaap het dit nou al ‘n gewoonte geword om vanaf Woensdag al te gaan kamp en eers Maandag die penne uit te trek vir heelwat van die senior lede.
Vroeg word die whatsapps al aangestuur van braai, sop en saam kuier.



















Carla Smit het met die idee gekom om sop te maak en uiteindelik was daar vyf verskillende soorte sop.

Dankie vir die Whatsapp foto's







Ja, as die son sak, is dit koud. Gelukkig is daar altyd ‘n vuurtjie iewers.



Dankie vir die Whatsapp foto’s,









***Baie mak skape gaan in een kraal*** **- Die bestuur het hul huiswerk gedoen en SWK het daarby ingeval. Ons het net 13 staanplekke vir die naweek gehad, en op ‘n manier is daar 31 woonwaens / “motorhomes” / tente / bakkies met ‘n daktent ingepas. So word dit gedoen.**



Die uitsig het oor die naweek net mooier geword.








Nadat almal 'n staanplek gekry het, was dit tyd vir boekevat wat deur Anel Stoffberg gehou is. Mens is nooit te jonk of te oud om dit te doen nie en hier het ons dit weer ervaar. Oupa Louis Havenga het haar bygestaan en daarna het sy vir elke kind 'n sjokolade gegee.
Almal word welkom geheet deur Voorsitter Pieter Henning. 'n Paar van Noord-boland se lede asook 'n hele klomp gaste het kom saam kamp.













Johan en Alet van der Heever is ons kampleiers vir die naweek. Johan het gesorg dat almal gelukkig is waar hulle staan.



Die Kaapse ooruil het bokant my woonwa kom sit en kyk wat die naweek hier aangaan.

**KAMP IS SNAAKS**

Dit is sonder pretensie en voorgee. Al probeer jy “pretend”, word jy vining weer af aarde toe gebring. Want die kamplewe het nie genade vir jou geite nie.
Hy gee nie om oor jou “brand” karavaan of “fancy” kampstoel nie.
Of jy op plaveisel of gras staan nie.
Of jy brandewyn of water drink nie.
Of jy braai of pasta eet nie.
Of jy van Gauteng of Limpopo kom nie.
Of jy vroeg opstaan of laat gaan slaap nie.
Of jy afgetree of nuut getroud is nie.
Op die ou end hang ons almal se panties op die draad.
Op die ou end weet julle presies watse kos ons eet, want die ape het dit die wêreld vol gestrooi.
Op die ou end weet almal of jy vroom en bedees is, vloek soos ‘n matroos as die middernag rukwind jou gazebo skep.
Op die ou end sien almal jou gevreetjie sonder make-up en mooi hare.
Op die ou end sien almal hoe “goed” jy en jou man saamwerk wanneer julle kamp opsit!
Op die ou end sien almal jou in jou nagkleertjies, waaroor Ouma in haar graf sou omdraai!
Op die ou end deel ons almal ‘n toilet
Op die ou end hoor almal jou balke saag en winde los.
Op die ou end loop jy maar steeds met die mop om die badkamer droog te maak. [Altans, die ordentlike kampers]
Op die ou end waai die wind ons almal in ons kanon in.
Op die ou end lek almal se tent of karavaan êrens ‘n bietjie as dit reën
Die kamplewe gee nie om wie jy is, wat jy is, of waar jy vandaan kom nie. Kamp is snaaks.
Maar dit maak jou nederig. Kamp is lekker!

**Voorgelees deur Louis Havenga — skrywer onbekend.**



Saterdag









Saterdag is ‘n mooi dag en lyk my dis die beste plek om te wees.

Whatsapp foto’s


Penta
3







Buitelug verhitte swembad



Dankie vir die Whatsapp foto's,







Niël en Rozél Goslett, SAWA Nasionale Voorsitterspaar, is gehak en oppad huistoe. Ons, Petrus en Janine Theron vergesel hulle tot by Desert Rose padstal vir ‘n ontbyt.
























Van die afval stukkies brood word daar brood poeding gemaak.



Hier is hulle besig met die voorbereidngs van die jaffels wat gemaak gaan word.











Kleine Paradys is beslis die kampterrein wat die meeste bied vir oud en jonk. Twee warm swem-baddens en ‘n opelug warm swembad, putt-puttbaan, fietsrybaan vir die kinders, go-kart ens. Al die geriewe is netjies en skoon. Hier is ‘n Plaaswinkel wat al die nodige in het en nog meer.




















Dankie vir die Whatsapp foto’s,



















Hier kan jy na hartelus wandel en fietsry en die vars plaaslug geniet















Wanneer jy hier inry, is dit groot bederf. Almal is vriendelik. Hier is so baie om te doen en ons het nie by die helfte gekom nie.






HOGWARTS








Saterdagaand kuier ons almal saam in die lapa. Die braaihout is deur SWK verskaf en die vure brand hoog. Wie het gesê in die Kaap eet ons nie pap nie? Baie dankie aan Louis Havenga en Johan van den Heever vir die lekker krummelpap en sous. Vir poeding was daar broodpoeding en vla.




























Pieter en Louis het die plaas gaan verken met hul fietse.



Sailor en Estie Viljoen van Noord-boland gaan stap 'n draai. Sailor maak die mooiste kieries.






Die jongspan geniet die oop ruimtes.



Rikus Engelbreght het 'n hou teen die oog gekry by die foefie "slide".













So kom Saterdag ook tot 'n einde.












Sondagoggend is dit koud.
Die weer het gedraai en ons hoor dat dit in die Kaap reën.
Ilona Bruwer koekon nog so 'n bietjie voordat ons moet regmaak vir kerk.








Ek het lanklaas 'n makou gesien. Hierdie 1 het hom kom tuismaak en is mak.



















So wil daar gekamp word terwyl die voëls in die bome hul oggendwysies fluit. Kleine Paradys is ‘n paradys en ons is bevoorreg om so teen die Bergrivier te kan kamp.










Hier op die plaas word daar kerk gehou in die saal langs die winkeltjie. Conrad Thiart, eienaar van die plaas, het vir ons die diens gelei en dit was besonders. Na die diens was daar getuienis van hoe Jesus vandag nog na ons omsien en genees.



Daar was weer en weer stoele uitgepak. Ons het die saal vol gesit.




Antionette Steyn - 90 streek




Babetta Nel - wen die gelukkige trekking en sy kry haar kampgeld terug. Die trekking vind 1 keer ‘n kwartaal plaas.




Gerrit en Ilona Bruwer - 130 Streek




Herman en Marieta Gerber -160 Streek




Johan en Alet van den Heever - Kampleiers




Koos en Hendriena Oosthuizen
190 streek




Riana Potgieter—baie geluk met jou verjaardag








Kyk, Herman, so word dit gedoen - net 2 houe!









Hier geniet ons ietsie soet en drink koffie en tee. Dankie vir elkeen se bydrae.









So het ‘n baie lekker onthou naweek tot ‘n einde gekom. Veilig sleep en sien julle by Ouskip DV.

# Bollie blad




Die kampgelde moet betaal word. " Het jy dit al betaal?" Wat is die tarief?" "O ja en R30 plaatjiegeld." So het dit gegaan, soos ek verstaan, in 'n sekere huishouding. Voordat daar nog antwoorde is, word R250 oorbetaal. Hier kom nog vrae…"gaan ons vir net een nag kamp?" Nee, ons gaan al die Donderdag kamp. Nog 'n betaling volg. R110 word oorbetaal. Ooops ons is 2 persone. Nog 'n betaling volg. R110 word oorbetaal. Aan die ontvangkant word daar kop gekrap. Iets is nie lekker nie. Daar word gebel en navrae gedoen. Tot die voorsitter klim ook in. Antwoord volg … ons kom Donderdag en Vrydag daarna het ons ander verpligtinge….. Wel dan het julle te veel betaal. Die week tarief is R70 per persoon.

Die storie mag dalk anders wees, maar dis soos ek dit verstaan het. Kommunikasie ….

| | |
|---|---|
| **DATUM:** | 20-22 Junie 2025 |
| **WAAR:** | Kleine Paradys, Piketberg |
| **KOSTE:** | Naweek kostes:<br>R110 p.p.p.n, R65p.k.p.n (6+ jaar)<br>R30 'n plaatjie<br>Week kostes:<br>R70p.p.p.n (betaal en bespreek deur SWK) |
| **BESTUURSLID:** | Pieter Henning |
| **KAMPLEIERS:** | Johan Vd Heever |

Kan julle raai wie dit was?

**Lag maar lekker, volgende keer is jy dalk op die bollie blad.**

***Ons volgende kamp is by Ouskip 1-3 Augustus 2025**
*Bestuurslid verantwoordelik: Eugene van der Merwe
*Foto's geneem deur Petrus tensy anders aangedui. Dankie vir die foto-bydraes.
..Stuur gerus van jul foto's vir my, na 'n kamp.
*Kommentaar is altyd welkom. Epos: theron665@gmail.com
*Petro Steyn baie dankie vir jou hulp.



Petrus Theron